HOËRSKOOL OOSTERLIG

TOERISME

GRAAD 10

VAKONDERWYSER: MEV. C. BOTHA	OPDRAG 3
DATUM GEGEE: WOENSDAG 17 JUNIE 2020	PUNTETOTAAL: 15 punte
INHANDIGINGSDATUM: WOENSDAG 24 JUNIE 2020	

NAAM EN VAN: _____ GRAAD 10: _____

INSTRUKSIES:

1. Voltooi asb die opdrag deur die antwoorde in jou skrif te gaan soek.

2. Jy moet asb alle antwoorde op hierdie opdrag invul, geen ander papier van jou eie nie.

3. Skryf asb netjies en duidelik leesbaar, anders mag dit dalk jou punt negatief beïnvloed as ek nie kan lees wat jy skryf nie.

4. Hierdie opdrag is een van vele assesseringsopdragte wat jy tot die beste van jou vermoë gaan moet voltooi, want dit tel vir jou vorderingsverslag.

5. Hierdie opdrag moet as 'n hardekopie ingegee word, hou asb by die inhandigingsdatum.

6. Sterkte!

VRAAG 1: Soorte Kaarte

Lees elk van die onderstaande stellings deur en bepaal watter soort/tipe kaart benodig sal word. Jou opsies volg hier onder, jy mag die soort kaart meer as een keer gebruik.

Straatkaarte; Politieke kaarte; Fisiese Kaarte; Spesialiskaarte; Toeriste – inligtingskaarte; Kaarte met attraksies

Vul jou antwoorde op BLADSY 3 in asb!

1. Abigail wil graag vir haar vriendin na-skool gaan kuier. Sy weet haar vriendin se huis is in SE2 in Vanderbijlpark maar is nie presies seker hoe om daar uit te kom nie.

2. Die toerisme klas besluit om die Johannesburg dieretuin te gaan besoek in die Oktober vakansie. Meeste van die leerders was nog nooit daar gewees nie en wil graag weet waar als in die park te vinde is.

3. Juan se familie van die Kaap wil kom kuier. Hulle wil kyk op watter nasionale roetes hul gaan ry om in Vanderbijlpark aan te kom.

4. Shaun, JP en Roald is SIT-toeriste. Hul reis rond om berge uit te klim en maak dus van elke reis 'n avontuur geleentheid. Shaun stel voor dat hul 'n _____ kaart gebruik sodat hul kan sien waar is al die bergreekse in Suid-Afrika geleë.

5. Jason en sy ouers beplan 'n vakansie na Namibië. Jason het in toerisme geleer dat elke toeris wat 'n landsgrens oorsteek 'n paspoort moet toon. Hy wil dus op 'n kaart bestudeer om te kyk of hul gesin wel oor 'n internasionale grens gaan reis of nie.

6. Danielle is 'n vlieënier en moet 'n roete na die wildtuin bepaal. Daar is geen formele landingstroke wat sy kan gebruik nie. Danielle moet dus seker wees aan watter kenmerke die gebied voldoen. Sy moet vooraf seker maak van berge, plantegroei, riviere en damme in die streek.

7. J.P wil vir sy een vriend gaan kuier wat in Mosambiek woon. Hy is dus nie seker of hy 'n grens gaan oorsteek of nie. Hy moet gou probeer uitvind, want dit sal bepaal of hy aansoek vir 'n paspoort moet gaan doen.

8. Tasha moet 'n taak doen en sommige Suid-Afrikaanse Nasionale Parke in ons land bespreek. Sy moet ook aandui in watter provinsie dit geleë is.

9. Ansie wil weet waar al die lughawens in ons land geleë is sodat hy sy Desember vakansie kan beplan.

10. Die Toerisme klas besluit om Gold Reef City te besoek in die jaar. Dit is baie van die leerders se heel eerste keer by hierdie temapark. Hoe sal hul weet waarheen om te stap en waar watter ritte en vermaak daar aangebied word?

(10)

Vraag 2: Kaart van Suid-Afrika

Lees die onderstaande stellings deur en skryf neer of dit *waar* of *vals* is

Skryf jou antwoorde op BLADSY 3 neer asb!

1. Suid-Afrika deel slegs grense met Zimbabwe, Mosambiek en Lesotho.

2. Die Limpopo - en die Oranjerivier is Suid-Afrika se twee hoofrivierstelsels.

3. Die Hartebeespoortdam is Suid-Afrika se grootste dam.

4. Suid-Afrika word slegs aan twee kante deur oseane omring.

5. Hawens en Lughawens is toegangspoorte tot lande en provinsies.

(5)

ANTWOORDBLAD

VRAAG 1: Soorte Kaarte

1.	6.
2.	7.
3.	8.
4.	9.
5.	10.

(10)

Vraag 2: Kaart van Suid-Afrika (*Waar* of *Vals*)

1. _____

2. _____

3. _____

4. _____

5. _____

(5)

TOTAAL: 15 PUNTE